Die Aankondiger

29 November 2020

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Prediker: *Ds. Chris Jacobs*

Skriflesing: *Sal aangekondig word*

Tema: *Sal aangekondig word*

Liedere: *Sal aangekondig word.*

Meer as oorwinnaars

- Michiel van den Heever is in die hospitaal opgeneem weens 'n harttoestand. Bid asb dat hy gou sal herstel.
- Susann Schwartz gaan 3 Desember vir 'n skoueroperasie. Bid asb dat als goed sal afloop.

Om dissipel te wees - 5

Helen lei Bybelstudie vir 'n groepie jongmense. Vir veiligheidsredes vind dit laat in die nag in 'n kelder van 'n huis plaas. Een aand storm die polisie in, slaan hulle en gryp vir Helen en neem haar polisiestasie toe. Sy word na 'n tronk waar die lewens-omstandighede haglik is, gestuur. Sy weier deurgans om haar geloof prys te gee en op te hou sing. Sy wys nie dat sy bang is nie. Later word sy na 'n tronk vir geharde misdadigers gestuur. Die Mai Serwa tronk is in 'n onherbergsame omgewing, sonder plantegroei. By hulle aankoms word hulle deursoek vir wapens, geld en Bybels. Helen besluit om nie vrees te wys nie. Sy sien 'n groot aantal metaal skeepshouers. Toe sy sien dat iemand van binne een na hulle deur 'n klein loergaatjie kyk, besef sy tot haar ontsteltenis dat dit die selle is.

Agtien van hulle word in een houer geplaas. Die enigste lig daarin kom deur 'n klein loergaatjie en stukkende roesplekke. Die bewaarder lag sadisties toe hy die deure van buite sluit. Sy voel brandpyne aan haar bene, en begin krap. Hoe meer sy krap, hoe erger word dit. Binne oomblikke krap almal – luise en vlooie byt hulle!.

In die nag word die staalhouer koud, die vloer is ongelyk en weens kondensasie drup water op hulle. 'n Emmer in een hoek is hulle toilet -dit ruik sleg en hulle neem beurte om daar naby te slaap. Almal slaap min. Helen bemoedig die moedelose en woedende vroue, en stel voor dat hulle sing, God aanbid ten spyte van die omstandighede, en mekaar bemoedig deur skrifgedeeltes op te sê.

Die volgende oggend word die wat erken hulle gesinghet, gestraf - hulle moet kaalvoet oor die klipperige grond stap en paddaspronge doen. Hulle word verbied om weer te sing, maar Helen sê sy is 'n sanger en sal saggies sing om nie te steur nie, maar sal nie ophou nie.

Funksie by Huis Gideon.

Saterdagoggend 5 Desember gaan 'n plesierige fondsinsameling by Huis Gideon plaasvind. (Monumentlaan 180). 'n Radiostasie gaan sorg vir sangers en vermaak. Verder gaan daar allerhande dinge te koop aangebied word.
Ons gemeente gaan Wildspasteie verkoop.
Kom ondersteun die geleentheid vanaf 8vm tot 14:00. Sien jou daar!

(Vanaf vorige bladsy)

Hulle word op verskillende maniere gemartel om hulle te dwing om nie meer te glo en sing nie – hulle moet swaar klippe bokant hulle koppe vashou; hulle hande word agter die rug geboei; hulle moet gedurende die nag buite in die koue en reën sit. Ook op subtiele manier word hulle versoek, 'n ondervraer gee vir Helen 'n papier om te teken en te onderneem dat sy sal ophou sing en van haar geloof afstand sal doen. Hy onderneem dat sy, sodra sy dit geteken het, vrygelaat sal word. Sy besef dis 'n geleentheid om vry te kom, maar weier om te teken en so God te verloën en haar rug op die evangelie te draai.

'n Moeiliker tyd lê vir Helen voor - sy word na 'n ander skeepshouer oorgeplaas, saam met net twee vroue – een wat probeer vlug het Sudan toe, en 'n ander wat geestelik versteurd is. Die kranksinnige vrou kry geen psigiatriese behandeling nie en haar toestand vererger - sy praat onophoudelik en skreeu en vloek deurentyd.

Later word ander Christenvroue wat ook weier om van hulle geloof afstand te doen, ook in dié sel geplaas. Hoe meer hulle word, hoe onstabieler raak die vrou. Een nag probeer sy vir Helen verwurg, daarna slaap hulle baie min, uit vrees vir haar.

Een oggend hoor 'n bewaarder dat hulle bid en Bybelstudie doen. Helen word geboei en gedurende die warmste deel van die dag in die son gelaat. 'n Volgende keer sien hulle dat Helen uitloer om te sien wat buite aangaan. Hulle pluk haar uit, klap en skop haar herhaaldelik, slaan haar met die vuis, boei haar en laat haar buite lê tot laat in die aand. Sy is so erg geslaan dat haar periodes vir vier maande ophou.

Die prisoniers se waardigheid word op verskillende maniere weggeneem: hulle gooi te veel sout in die kos, weier dat hulle meer as een keer per dag toilet toe gaan (selfs wanneer hulle diaree het), versprei vals gerugte oor Helen en hou deurentyd elke beweging wat sy maak, dop.

Helen bekom 'n Bybel en verdeel dit in 6 dele sodat dit makliker is om te versteek, en gebruik dit om gereeld briefies vir medegelowiges te skryf en saam met 'n goedgesinde bewaarder te stuur. Een dag word sy uitgevang en sy word gegryp, met 'n stok geslaan, geboei en vir 'n volle dag buite laat lê. Sy verkeer in hewige pyn.

Die aand word sy alleen in 'n leë skeepshouer gestamp, haar hande geboei. Dis koud en sy kry geen kombers nie. Haar lyf is seer en sy is bang dat sy sou verkluim, daarom bly sy wakker en sing. Die volgende oggend tydens ondervraging was sy so koud dat sy nie kon praat nie. Hulle laat haar in die son lê sodat sy kon ontdooi. Toe sy kon praat, moes sy die brief hardop lees en verduidelik wat sy bedoel. Sy word verbied om weer briewe te skryf. Sy weier en as straf word sy in eensame opsluiting geplaas.

Helen word al hoe swakker en maerder weens die swak kos, min slaap en spanning, ontbering en vrees.

Die mishandeling eis sy tol – sou sy kon volhard tot die einde toe?

Baie geluk aan almal wat verjaar :

29 Nov - 5 Desember

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Van Eeden	Christa	11/30	012 6644449	
Du Toit	Coetzee	12/01		
De Waal	Maretha	12/02	012 664 3658	0829200169
Vermaak	Alet	12/02	079 9152 759	0764032051
Scheepers	Fred	12/03		0828963772
Laubscher	Albert	12/04	0823184353	
Strydom	Lillian	12/04	012 664 2106	0721110645
Du Plessis	Dup	12/05	012 6641814	0832298838

TUIN

Ons wil die tuin in die binnehof, waar die kruise is, mooi maak sodat dit gebruik kan word tydens begrafnisse en ander geleenthede.

Ons benodig **WIT** spoelklippe sowel as Plante en Vetplante en vra dat mense wat enigsins kan, vir ons skenk.

Alex vir enige navrae by **0829283554**